

### Wees 'n lewende antwoord vir die Here ...

Eers was dit ver. Nou is dit naby. Ek praat van dié Virus. Vroeër het ander mense dit gekry. Nou gebeur dit sommer hier in ons eie huis. Skielik moet ons almal die dood, wat op ons eie voorstoeppe opgedaag het, hanteer. COVID is nie grappies nie. Ja, dit is verlede jaar se nuus dat die koronavirus die wêreld onherroeplik verander het. Maar hier in 2021 voel ons elkeen dit al hoe meer aan ons eie lywe. Ook is dit nie nuwe nuus dat daar derduisende godsdienstige verklarings is vir die koronavirus nie. Party sê dit is 'n teken dat die einde van die wêreld naby is. Ander vertel steeds met groot oortuiging dat dit God se straf is.

Ons as gelowiges moet beter doen as om halfgebakte verklarings namens God oor die redes vir die korona-virus op te dis. Ons skuld nie vir almal bespiegelende antwoorde hieroor nie. Ons skuld vir niemand verklarings oor hoekom sommiges dood is hieraan en ander bly leef nie. Dit is eerder ons roeping om hier te wees vir mekaar. Ons moet help, dien, bid en saam treur. Ons moet sout en lig wees, soos wat Jesus ons leer. Dan is onself die regte lewende antwoorde van die Here aan mekaar.

deur Stephan Joubert

### Gemeente – Algemeen

- Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
- Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
- Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

### Voorbidding

- \*Bid vir Janine Vorster vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Lottie Conradie & familie vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Maria Steyn vir volle genesing
- \*Bid vir Sampie Swart vir nabyheid vd Here
- \*Bid vir Ria Putter vir volle herstel
- \*Bid vir Thea Bosman-sy het kanker
- \*Bid vir Gerda Jansen vir volle herstel
- \*Bid vir Tannie Bets-vir nabyheid van die HERE
- \*Bid vir Gerda Nel-vir volle genesing
- \*Bid vir Vionette Forster vir volle herstel
- \*Bid vir Monica (Hantie Terblanché) se dogter-sy het kanker
- \*Bid vir mense wat COVID-19 het
- \*Bid vir families wat geliefdes aan die dood afgestaan het
- \*Bid vir Johan Kotze-hy is baie siek- bid vir volle genesing
- \*Bid vir Tannie Marinda Jordaan-bid vir volle genesing
- \*Bid vir Basie Roux-hy het kanker-vir volle genesing
- \*Bid vir ons land en haar mense
- \*Bid vir Bettie Smit en familie met die afsterwe van haar skoonseun
- \*Bid vir André vd Rheede en familie met die afsterwe van sy ouma
- \* Bid vir Elsabé Keiser en famiie met die afsterwe van Kobus Keiser

"As God vir ons is ,wie kan teen ons wees?"

Romeine 8:31

### Onthou om te onthou . . .

Byvoorbeeld baie dankie vir jou dankoffer . . .

ABSA Sasolburg; Tjek Rekening

Rekno.: 0520580654

Takkode: 632005

### Dank Gebede

- Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk
- Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf
- Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!
- Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.
- Dankie vir U **wondergroot genade...**
- HERE, ek het U lief! AMEN



Soms twyfel ek,  
maar dan onthou ek -  
God weet.

### Gedagte vd week

VERTROU OP DIE HERE!

Wees sterk en hou goeie moed!

PSALM 27:14